Ontmoeting 1

Dogters van Selofgad

In hierdie ontmoeting leer die kinders dat God vir ons sorg en dit beteken dat ons na Hom toe kan gaan met ons probleme.

Teks: Numeri 27:1–11
Hulpmiddels:

- Kraletjies (4 per kind) en stukkies tou / wol / koord
- Witbord of groot vel ongedrukte koerantpapier waarop dele van die storie geteken word soos dit vertel word
- Witbordpenne of koki's om mee te teken
- Papier, patroon van poppies, skêre
- Klippies, blare en takkies of klein speelgoedblokkies, ens.
- Groot boks

Welkom

(Moedig die kinders aan om kreatief te reageer wanneer hulle die opdragte uitbeeld.) Indien die groep groot is, verdeel hulle in kleiner groepe.
Ek verbeel my ek is: *(kinders beeld dit uit)*

- 'n Standbeeld van 'n atleet.
- 'n Wasmasjien: Vorm 'n wasmasjien se balie voor jou met jou arms. Knip jou oë om hom aan te skakel en skud en raas tot die wasgoed skoon is.
- Die sproeier in die tuin: Hou jou linkerhand agter jou kop en strek die ander arm uit. Maak soos 'n sproeier deur te draai en die geluid "tsh–tsh" te maak.
- Ek is in die Protea–span en ons het pas die krieket wêreldbeker gewen. (Of Springbokke met rugby ens.)
- Mamma/Ouma/Tannie/versorger se arms: Gee "Mamma"–drukkies vir jouself of die maats om jou. (Wees altyd sensitief vir die groep se konteks en pas dit aan soos nodig.)

Jy kan Bybelse karakters ook uitbeeld (bv. Ester, Rut, Maria, Mirjam, ens.)

Vir 'n kleiner groep: Gee vir elke kind 4 goedkoop kraletjies en 'n stukkie tou / wol / koord. Laat hulle dit inryg en om hulle arms bind. Terwyl hulle inryg, benoem hulle elke kraletjie as volg:

☐ my naam ☐ my graad ☐ my gunsteling sport ☐ my gunsteling kos / koeldrank
Gee hulle 'n halfminuut om vir 'n maat langs hulle te vertel wat hulle kraletjies beteken.

Indien krale nie beskikbaar is nie, kan kinders 4 vingers of 4 blokkies gebruik.

Wyding

Stilword–ritueel: Laat die kinders die volgende verse agter die leier aan sê: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)
Jy kan 'n plakkaat of flitskaarte hiervan maak.

Woord



(Wanneer jy die storie begin vertel, is daar reeds ŉ paar sirkels en ander vorms op die vel papier of witbord geteken. Verwys na die voorbeeld onder.)

Hierdie kwartaal se ontmoetings gaan oor vreemde vroue in die Bybel. Sommige het vreemde werk gedoen. Sommige het vreemde of besonderse dinge gedoen. Ander het baie vreemde name gehad...



Ken julle 'n kind wie se naam Magla is? Of Noa? Of Gogla? Of Milka? Of Tirsa? *(Laat die kinders elke keer die naam herhaal.)* Dis vreemde name, nè?! Maar weet jy dat daar regtig 5 vroue met sulke vreemde name was en dat hulle boonop sussies was?!
Ken jy 'n oom wie se naam Selofgad is?
Daar was regtig 'n familie met sulke name. Dit was Pappa Selofgad met sy 5 dogters: Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.
(Teken die pa in die hoekie en die 5 dogters langsaan.)



Pappa Selofgad het eendag 'n goeie keuse gemaak. Daar was mense wat in opstand gekom het teen Moses. Moses was die leier van die Israeliete. Pappa Selofgad wou nie saam met die bende in opstand kom nie, want hy was gehoorsaam aan God. Hy was nie perfek nie, maar sy dogters het gesien dat hy ŉ eerlike en gelowige man was.
Na sy dood het hulle onthou hoe hy was en wat hy hulle geleer het.
(Teken 'n reghoek rondom die pa om ŉ doodskis voor te stel, trek sy oë toe en kleur die reghoek rofweg in.)



Hulle het 'n baie groot probleem gehad. Ander families het grond gekry in die nuwe land, maar omdat hulle net dogters was en nie 'n broer gehad het nie, het die leiers van hulle vergeet. Almal het gedink dat net die mans grond moes kry. Hulle het nie eers 'n oom of neef gehad wat omgegee het wat van hulle word nie.
(Verander die eerste drie blokkies in die boonste ry in die woord – NEE.)



Wat dink julle moes hulle doen om die probleem op te los? *(Luister na die kinders se voorstelle.)* Hier staan in die Bybel presies wat hulle gedoen het. Kom ons lees dit – Numeri 27:2. *(Teken nou vir Moses, die leiers en die tent van ontmoeting deur die sirkels en die tent van ontmoeting verder te teken.)*



Die dogters was baie dapper. Hulle het nie net eenkant gesit en kla en brom nie. Hulle het ook nie tussen hulle vriende rondgeloop en sleg gepraat van Moses en die leiers nie. Hulle het ook nie met mekaar begin baklei nie. Die sussies het een plan gemaak en al vyf het saamgewerk aan die plan. *(Teken nou die pad tussen die dogters en die leiers.)*



Hulle het met die regte mense gaan praat; dié mense wat 'n verskil kon maak. Die leiers het respek vir God en vir die meisies gehad. Daarom het hulle geluister.
Maar wat moes hulle doen? Moses het altyd een plan gehad en dit was om vir die Here te gaan vra wat hulle moet doen. Jy kan ook altyd vir God vra om jou te help met jou probleme.
(Teken nou biddende hande deur die klein sirkeltjies in die "tent" te gebruik.)



Die Here het vir Moses geantwoord. Kom ons lees sy antwoord in vers 7. "Die Here het gesê: 'Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hul eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het.' "
(Trek 'n kruis deur NEE en vorm JA langsaan.)



God voorsien. Sy plan het almal ingesluit. Hy het sy volk geleer om niemand te verwaarloos nie. Hulle moes sorg dat elkeen in die land versorg word en 'n wettige woonplek het. God is vandag nog so.
(Verander die blokkies onder "NEE / JA" om die woorde "VERDEEL LAND" te vorm.)

Gelukkig het die dogters van Selofgad hulle probleem reg hanteer. Nou kon almal sien hoe regverdig God is. Moses en die leiers het nou geweet hoe om goeie besluite te neem.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
2. Ek wonder hoe sou mense vandag so 'n probleem oplos.
3. Ek wonder na wie toe jy gaan wanneer jy 'n probleem het.
4. Ek wonder of jy kan vertel van 'n keer toe God vir jou gesorg het.

Werskaf

- Bou 'n dorpie in 'n sandbak of enige grond. Baken 'n area af en deel dit in 12 (om die 12 stamme van Israel voor te stel). Bou in elke deel huisies en tuintjies met beskikbare materiaal soos klippies, blare en takkies of klein speelgoedblokkies, ens.
- Gebruik 'n groot boks en maak daarvan 'n huis. Teken deure en vensters. Skryf bokant die voordeur: "Almal is welkom" en bo die agterdeur: "God sorg vir ons". (Dit kan ook met karton gedoen word.)
- Elkeen teken 'n huisie. Hulle teken almal vir wie God sorg binne die huisie. Versier dit.
- Papierpoppieketting: Laat die kinders 'n lang strook papier soos 'n konsertina vou sodat daar 10 deeltjies is waarop die poppie-patroon pas. (Sny sommer ekstra dele af.) Laat die kinders die poppies uitknip en skryf een eienskap op elke poppie:
  - Brom en kla nie
  - Staan bymekaar (wees dapper)
  - Praat met die regte mense

- Praat met God
- Doen wat God gesê het
- Skryf onderaan op die lang strook: Selofgad se dogters





Vou hier

Sluit af met die seënbede:
Die kinders sit of staan in ŉ sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regterhand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om ŉ seënwens aan te gee: Iemand begin om hul regterhand oor te beweeg na links en dan liggies in sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die seënbede in die rondte aan. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":
Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;
Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;
Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;
Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;
Die Here is BOKANT jou om jou te seën; **En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.**




NEELTA
VERDEEL
LAND